HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 68 van 2026**

20 Mei 2026

Geagte Ouer/Voog,

Na aanleiding van die diagnostiese analises van die Wiskundetoets, wat die graad 8-leerders op Woensdag, 6 Mei geskryf het, is 'n paar probleemareas geïdentifiseer waaraan die leerders meer aandag moet skenk. Hieronder is 'n lys van die onderwerpe, asook watter video's op *Google Classroom* die spesifieke werk verduidelik. U kind sal baie baat daarby vind om weer deur hierdie video's te werk asook die vrae te doen en die memorandums te gebruik om hul werk te merk. Al hierdie memorandums is ook op *Google Classroom*.

| **Onderwerp** | **Temanommer op *Google Classroom*** | **Videonommers** |
|---|---|---|
| Algebraïese uitdrukkings en eksponentwette | Tema 2 | Video's 16 tot 28 |
| Algebraïese vergelykings | Tema 4 | Video's 42 tot 52 |
| Meetkunde (leer teorie) | Meetkunde | Geen video, leer "hoeke- opsomming" |

Motiveer asseblief u kind om vroegtydig vir Wiskunde te begin leer. Hulle het ook 'n tweede voorbereidende eksamenvraestel ontvang wat hulle by die huis ***moet*** voltooi en na hul Wiskunde-oefenklas op 5 Junie moet saambring.

Sterkte met u kind se eerste graad 8-eksamen.

Vriendelike Randjiegroete

E. Dreyer
Wiskunde-onderwyser

P. Booysen
Skoolhoof